GELOFTE SKOOL

Geagte Ouer 1 September 2023

ALGEMENE OUER- EN BEGROTINGSVERGADERING : 12 OKTOBER 2023 om 18:00

Ten einde aan die vereistes van die Onderwyswet te voldoen, gee die Beheerliggaam hiermee kennis van die volgende resolusie:

OP DONDERDAG, 12 OKTOBER 2023 WORD 'N ALGEMENE OUERVERGADERING OM 18:00 IN DIE SAAL GEHOU WAARTYDENS DIE BEHEERLIGGAAM DIE JAARVERSLAG EN DIE VOLGENDE VOORSTELLE m.b.t SKOOLGELD VIR 2024 SAL VOORLÊ:

a) **Skoolgeld verhoog met 7.7% in 2024. Dit is dus 'n verhoging R2400/leerder vir die jaar.** Skoolgeld verhoog van R31 000/leerder vir 2023 tot **R33 400/leerder vir 2024. Dit is 'n gemiddelde verhoging van R240-00 per maand (oor 10 maande).**

b) Alle leerders uit 'n gesin betaal vol skoolgeld. As gevolg van wetgewing sal daar nie familie-korting aan die 3de en 4de kinders gegee kan word nie. Indien ouers kwalifiseer, mag ouers aansoek doen vir skoolgeld vrystelling.

c) **Alle ouers** moet 'n minimum bedrag van R1 500 per leerder vir die jaar betaal ongeag daarvan of u kwalifiseer vir een of ander vorm van korting, vroeë betaling korting of kwalifiseer vir vrystelling. **Hierdie R1 500 vorm deel van die skoolgeld.** Indien u kwalifiseer vir 'n korting of vir vrystelling, sal die korting/vrystelling dus bereken word op R1 500 minder as die goedgekeurde skoolfonds. (Neem kennis dat ouers aansoek moet doen vir vrystelling van skoolgeld. Vrystelling beteken dat ouers se skoolgeld slegs 'n persentasie verminderde bedrag skoolgeld sal betaal.)

d) Leerders in pleegsorg word onthef van skoolgeldbetaling. Voldoende bewyse moet ingedien word om 100% skoolgeldvrystelling te ontvang.

e) Interne departementshoofde en departementele personeel sal vergoed word vir addisionele werk en -verantwoordelikhede wat gelewer word en is onderhewig aan Artikel 38 A goedkeuring.

f) Skoolgeld is vooruitbetaalbaar vir die jaar. Ouers kan egter 'n reëling met die skool tref om die bedrag maandeliks soos volg af te betaal.

Indien ouers verkies om maandeliks in 2024 te betaal, moet betaling soos volg geskied:
Eerste betaling voor einde Januarie: R2 400-00/leerder
Tien paaiemente vanaf Februarie – November: R3 100-00/leerder
(Altesaam is daar 11 betalings wat gemaak word.)

g) Ouers wat die volle skoolgeld vir 2024 teen einde Januarie, Februarie of Maart betaal, kwalifiseer vir ’n persentasie (%) afslag. Ouers sal net vir afslag kan kwalifiseer indien alle agterstallige geld, wat aan die skool verskuldig is, ten volle betaal is. Die % afslag werk soos volg: (Afslag word bereken op R33 400 – R1 500 = R31 900. Sien punt c.)

- Teen 31 Januarie betaal = 10% afslag = R3 190
  R31 900 - 10% = R28 710 + R1 500 = R 30 210
- Teen 29 Februarie betaal = 8% afslag = R2 552
  R31 900 - 8% = R29 348 + R1 500 = R 30 848
- Teen 31 Maart betaal = 6% afslag = R1 914
  R31 900 - 6% = R29 986 + R1 500 = R 31 486

h) Leerders wat agtste vakke aanbied, betaal ‘n addisionele R1 500-00/vak.

i) Elke leerder moet aan die begin van die jaar twee rieme papier skool toe bring.

j) Die beheerliggaam mag uitgawes rondskuif tussen begrotingsitems indien omstandighede dit sou vereis op voorwaarde dat die totale bedrag begroot vir uitgawes nie oorskry word nie.

k) Die Beheerliggaam begroot R1 000 000 vir Kapitale projekte. Dit vorm nie deel van die skoolgeld nie. Die fondse mag slegs vir kapitale projekte aangewend word.

l) Aansoeke vir gedeeltelike- of totale vrystelling van skoolgeld, sluit op 31 Maart 2024. Ouers wat aansoek doen vir vrystelling sal nie kan kwalifiseer vir afslag soos genoem by punt (g) nie.

m) Agterstallige skoolgelde: Indien skoolgeld teen 31 Maart nog nie ten volle betaal is of op datum is nie (vrystelling toegestaan ingesluit), word 'n finale aanmaning gestuur voor einde April. Ouers wat agter raak met skoolgeld sal oorhandig word. Redes vir oorhandiging aan Prosperitas is soos volg: (Agterstallige ouers word op 31 Julie oorhandig)

- Ouers wat vrystelling ontvang en agterstallige skoolgeld het soos genoem by punt (c).
- Agterstallig is met skoolgeld en geen reëlings getref of belofte gemaak het nie.
- Indien belofte of reëling nie teen die sperdatum van die ouer gehou word nie, word volle bedrag oorhandig aan Prosperitas.

‘n Gedetaileerde begroting vir 2024 en die finansiële state vir 2022 kan vanaf Woensdag, 13 September 2023 by die skool in ’n kantoor besigtig word. Ouers moet vooraf skakel of e-pos stuur om ‘n afspraak te maak indien u belangstel om na genoemde dokumentasie te kyk.

Die vergadering van 12 Oktober 2023 sal die algemene jaarvergadering inkorporeer, waartydens die skoolhoof en voorsitter kortliks verslag sal doen oor die werksaamhede en doelwitte van die beheerliggaam. Tydens hierdie vergadering is daar nie ’n kworum nodig nie.

Ons hoop en vertrou dat u, u weg sal oopsien om hierdie belangrike vergadering by te woon.

Vriendelike groete

R. van der Merwe — Beheerliggaamvoorsitter

M.S. Martin — Skoolhoof